Deurlopende Assessering

Graad 4: Afrikaans

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

Deurlopende assessering: Formeel

Lees die tekste en beantwoord dan die vrae.

1

My juffrou se van is Top,
sy eet heeldag hoendersop.
Sy leer ons baie mooi,
maar soms sien ons net rooi!

2

Sop, sop ek is 'n spietkop.
Ek skryf jou naam op!

3

"Klop-klop!"
"Wie's daar?"
"Sop!"
"Sop wie?"
"Sop vir jou ook!"

1. Wat is die funksie van die uitroeptekens in elke teks? (1)
2. a) Dink jy die woord "sop" is die regte woord in teks 3? Wat moet dit wees? (2)
   b) Watter twee woorde maak die word "pasop"? (1)
3. Watter rol speel die woord "maar" in teks 1? (1)
4. Skryf die persoonlike voornaamwoord neer in:
   a) teks 1 b) teks 2 (2)
5. "Jy moet in jou pasoppens wees."
   a) Wat beteken die uitdrukking? (1)
   b) Verdeel die woord "pasoppens" in twee basisse en 'n agtervoegsel. (1)
   c) Watter woord is die voorsetsel? (1)
6. Waarom gebruik ons 'n dubbelpunt in die volgende sin. Die vertoning sluit die volgende in: 'n voorlesing, musiekuitvoering en dramatisering. (2)
7. a) In teks 3 is die sinne in aanhalingsteks geskryf. Hoekom? (1)
   b) Teks 3 sal moeilik in die indirekte rede geskryf kan word, want dit is 'n grappie. Skryf net die tweede reël in die indirekte rede. (2)
   c) Hoekom is daar 'n vraagteken in reël 2? (1)
8. Wat beteken dit om "in die sop" te wees? (2)

9. Hoekom skryf 'n mens wa-as en simfonie-orkeste met 'n koppelteken? (1)
10. Hoekom skryf 'n mens Italië met 'n deelteken? (1)
11. Verduidelik hoekom Wie's 'n afkappingsteken kry. (1)
12. Gee die intensiewe vorm van rooi. (1)

Totaal: 20

Laerskool Mikro Kopiereg ©